

COMMISSION RESUMES 5 MARCH 1990

MR McNALLY: Mr Chairman, I am not sure if we have any new appearances today apart from those who announced themselves on the previous occasion.

CHAIRMAN: Anyone who wishes to announce himself?

MR LUITINGH: I appear on behalf of the Lubowski family, in particular Mrs Lubowski.

CHAIRMAN: Would you just ...

MR LUITINGH: My name is Luitingh. Also together with my learned friend Mr Eric Dane I appear on behalf of the Web-(10)ster Trust and I also appear on behalf of Mr Brian Curren in his personal capacity. Instructed in all these matters by Bell, Dewar and Hall.

MR McNALLY: Mr Chairman, the Ministry of Justice has compiled a list of some 71 cases of unsolved allegedly politically inspired murders and I would like to place that list before the commission as EXHIBIT A1. As with all exhibits copies may be obtained from the official contractors, Messrs Vlok Transcribers once the necessary clearance has been given by yourself. (20)

Mnr. die Voorsitter, ek dink dit sal gerieflik wees as vandag en mōre se verrigtinge in Afrikaans afgehandel word aangesien die meeste getuies wat geroep gaan word Afrikaanssprekend sal wees. Dit staan natuurlik enige party vry om vrae aan die getuies in Engels te stel, want die getuies is ook Engels magtig en u sal seker reël of die antwoorde in Afrikaans of in Engels gegee moet word, maar as dit u behaag sal ek in Afrikaans voortgaan.

Die eerste getuie wat die Kommissie se beamptes wil roep is generaal Badenhorst en ek roep hom nou. Alhoewel ek (30)

nie/..

nie self sy verklaring geneem het nie, het ek konsultaise met hom gevoer en my geleerde vriend adv. Burger, wat namens die Ministerie van Verdediging verskyn het versoek dat ek die getuie lei in die gewone styl van die Kommissie.

RUDOLF BADENHORST

v.o.e.

MNR. McNALLY: Mnr. die Voorsitter, die verklaring van hierdie getuie wat aan my voorgelê is, is eintlik in tweevoud. In die eerste plek het ek 'n volledige verklaring wat ek versoek is om aan u voor te lê en dan is daar 'n geredigeerde weergawe wat beskikbaar gestel gaan word aan al die deelnemende (10) partye en ek verneem ook die pers. Wat ek voorstel in daardie verband is dat u nie op hierdie stadium besluit of u gaan toelaat dat die volledige verklaring nie op hierdie stadium openbaar word nie en dat u daardie beslissing oorhou tot tyd en wyl die getuienis uit die geredigeerde weergawe gelei is. Ek het 'n standpunt oor hierdie aspek, maar ek sal dit later openbaar as u die voorgestelde prosedure toelaat.

VOORSITTER: Goed, ons kan dit voorbehou. Kry ek dan intussen die volledige ...

MNR. McNALLY: Goed, ek handig aan u die volledige ver- (20) klaring en die getuienis sal dan voorlopig gelei word uit die geredigeerde weergawe.

VOORSITTER: Wat is hierdie verklaring se bewysstuknommer?

MNR. McNALLY: Dit sal BEWYSSTUK C1 wees. Ons het B gereserveer vir Nofumela se stukke.

MNR. BURGER: Die geredigeerde een C1?

MNR. McNALLY: Wel, die volledige een sal C1 wees en die geredigeerde weergawe sal seker C2 wees.

VOORSITTER: Ja.

MNR. McNALLY: Ek weet nie of my geleerde vriend (30)

mnr. Burger/..

mnr. Burger, afskrifte het om te distribueer op hierdie stadium nie, want die partye sal dit makliker vind om dit uit die verklaring te volg.

MNR. BURGER: Mnr. die Voorsitter, ons het al van die afskrifte wat ons beskikbaar het aan van die mense gegee. Ons het nog een of twee daarvan sê my opdraggewende prokureur.

VOORSITTER: Goed, as daar nog iemand is wat een nodig het.

MNR. McNALLY: Het mnr. Luitingh een want hy is 'n betrokke persoon?

VOORSITTER: Goed, ek dink die getuie - mense ook maar (10)
luister.

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Generaal, hoe oud is u? -- Ek is 49 jaar oud.

Kan u net u loopbaan in die weermag kortliks skets? -- Ek het in 1962 by die Suid-Afrikaanse Weermag aangesluit as 'n luitenant. Ek het my opleiding by die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege gedoen en is daarna - het ek gedien in Walvisbaai as 'n adjudant van die eenheid en ook as 'n kompaniebevelvoerder. Van Walvisbaai is ek verplaas na Pretoria waar ek die SO1 of stafoffisier: algemene administrasie was vir 'n (20) jaar. Ek was in 1968 van die leer verplaas na die ou direkteur militêre inligting vir een jaar. Ek is in Januarie 1969 terugverplaas as stafoffisier infanterie by die leer, leerhoofkwartier. Oktober '69 is ek aangestel as die bevelvoerder van die vierde Suid-Afrikaanse Infanterie Bateljon op Middelburg waar ek dan vier jaar die bevelvoerder was en waarna ek dan terugverplaas is as senior stafoffisier eersteklas opleiding van die weermag. Die pos het ek baie kort bekleed, ses maande, waarna ek dan verplaas was na die Suid-Afrikaanse Leërkollege as hoofinspekteur konvensionele opleiding. (30)

Van daar was ek twee jaar toegevoeg tot die Franse weermag in Parys waar ek die Franse weermag se senior stafkursus gedoen het asook hulle gesamentlike stafkursus, leër, lugmag en vloot, waar al die weermagsdele bymekaarkom. Van daar - dit bring my dan aan die einde van 1975 - is ek aangestel as die bevelvoerder van die infanterieskool op Oudtshoorn. Daar het ek vier jaar gedien en in Januarie 1980 is ek aangestel as die bevelvoerder van Sektor 10 Oshikati. Dié pos het ek beklee tot en met September '82 en is ek toe verplaas na die leër as hoof van leërstafflogistiek verantwoordelik vir die logistieke (10)

bedryf van die Suid-Afrikaanse Leër. My volgende aanstelling - ek het hierdie aanstelling ses jaar beklee - my volgende aanstelling was adjunk-hoof van die leër en is ek bevorder na luitenant-generaal op 1 Julie 1988 en aangestel as hoof van staf: operasies en op 1 April 1989 is ek aangestel as die hoof van staf: inligting of die hoof van die weermag se staf. Die pos beklee ek tot vandag toe nog.

Uit daardie pos bedryf u die militêre intelligensie afdeling van die weermag? -- In my huidige aanstelling bedryf ek militêre inligting vir die weermag as sulks. Die leër (20) bedryf sy eie inligting, die lugmag bedryf sy eie inligting en die geneesheer-generaal bedryf inligting en spesiale magte bedryf ook 'n gedeelte van sy eie inligting. Ek is die hooforgaan, die afdeling militêre inligting, is die hooforgaan van inligting vir die weermag.

Wat is die posisie in die weermag van generaal-majoor Webb en hoe pas hy in by die opset waar u inpas, indien daar so 'n inpassing. -- In die eerste plek generaal-majoor Webb is die bevelvoerder van spesiale magte wat direk onder die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag ressorteer en ek is die (30)

hoof van staf: inligting wat ook direk onder die hoof van die weermag ressorteer. Ons gee mekaar nie opdragte oor en weer nie.

Op die werksgebied is daar 'n inligtingsvloei tussen die twee organisasies. Ek weet nie of dit u vraag beantwoord nie.

Ja, dankie. Werk u basies onafhanklik van mekaar, alhoewel daar, soos u sê, inligting is wat tussen u twee kantore gaan? -- In totaliteit werk ons onafhanklik van mekaar. Dit is net die inligtingsvloei wat heen en weer vloei. Ons is ook nie bewus van mekaar se opdragte nie.

Aan wie rapporteer generaal Webb? -- Generaal Webb (10) rapporteer aan die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag.

Is dit op die oomblik generaal Geldenhuys? -- Ja, generaal Geldenhuys.

As deel van BEWYSSTUKKE C1 en C2 is daar 'n organisasiediagram van wat ons so pas gemeld het aan die voorsitter, die diagram van die hiërargie van die weermag. Is dit so? -- Dit is korrek.

Hoe is hy genommer? -- RBl(a).

VOORSITTER: U kan maar lei, mnr. McNally.

MNR. McNALLY: Dit is hierdie vloekaart. Bevestig u die (20) korrektheid van daardie kaart? -- Ek bevestig die korrektheid van die kaart.

U het voor u die verklaring wat u gemaak het, nie waar nie?

Kan ons blaai tot by bladsy 2. Eerstens wil ek vir u vra is dit korrek dat hierdie verklaring wat voor u is, BEWYSSTUK C2, dat dit 'n verklaring is wat u in oorleg met u advokaat, naamlik adv. Burger, opgestel het? -- Ek het aanvanklik die verklaring opgestel en die oorlegpleging het na ek die verklaring opgestel het, met my adv. Burger plaasgevind.

Is dit korrek dat ek nie betrokke was by die opstel (30)

hierdie verklaring nie? -- Dit is korrek.

En u het vandag vir die eerste keer 'n onderhoud met my gevoer waar ons 'n konsultasie gehad het. -- Dit is korrek. Ek het adv. McNally ook vanmôre vir die eerste keer ontmoet.

Sal u dan asseblief lees van paragraaf 3 op bladsy 2 van die verklaring. -- "Nadat die aanhouding van Ferdi Barnard bekend geraak het, is daar in die media bespiegel dat hy 'n lid van militêre inligting is of was. Navrae in die verband is aan die Suid-Afrikaanse Weermag se openbare skakeloffisier gerig. Hierdie navrae is na my verwys en na ondersoek het(10) ek ontken dat Barnard vir die afdeling militêre inligting werk. Mnr. Barnard is of was op geen stadium 'n lid van militêre inligting nie. Die Suid-Afrikaanse Weermag het toe 'n persverklaring vrygestel waarin ontken is dat Barnard in diens van die Suid-Afrikaanse Weermag is. Ek is nietemin deur die hoof van die weermag, generaal J.J. Geldenhuys, opdrag gegee om met die Suid-Afrikaanse Polisie te skakel om te hoor of daar enige bewerings ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Weermag gemaak word deur Barnard."

Was daardie opdrag 'n mondelingse of 'n skriftelike (20) opdrag? -- 'n Mondelingse opdrag.

Gaan maar voort. -- "Uit my en generaal Joubert se eerste gesprek het dit duidelik geblyk dat die Suid-Afrikaanse Weermag in gedrang gebring word. Tydens hierdie gesprek is die Suid-Afrikaanse Weermag se volle samewerking aangebied."

VOORSITTER: Generaal Joubert is van die polisie? -- Korrek. "Ek het verskeie gesprekke met generaal Joubert gevoer en hy het my voortdurend uitgevra na bewerings wat Barnard in sy verklaring sou gemaak het. As gevolg van die vrae wat hy my gevra het en uit ons gesprekke het ek vir die eerste keer (30)

van die Burgerlike Samewerkingsburo bewus geraak (BSB)."

MNR. McNALLY: Kan ons 'n datum daarop plaas, generaal? Die bewusmaking ten opsigte van die BSB? -- Die laaste week van November.

'89? -- '89. In daardie omgewing.

Gaan voort. -- Ek kan nie die dag .. "Ek was wel daarvan bewus dat spesiale magte koverte inligtingsinsameling ten opsigte van spesialis inligting doen. In 'n stadium het generaal Joubert my ook voorgestel aan brigadier Mostert, die bevelvoerder van die Brixtonse moord- en roofafdeling. Tydens (10) hierdie gesprek het ek weer eens die bereidwilligheid van die Suid-Afrikaanse Weermag om saam te werk bevestig.

Kan ek 'n bietjie hier stilstaan. Daar het 'n berig in The Star, 'n Johannesburgse dagblad, verskyn waarin, wat hulle noem "the chain of command" van die BSB uiteengesit is. Dra u kennis van hierdie berig? -- Ek dra kennis van die berig.

Wat is die datum van die koerant? -- Woensdag, 21 Februarie.

Volgens daardie berig, wat sou die bevelstruktuur van die BSB gewees het? Sal u dit net op rekord plaas. -- Die (20) bevelstruktuur van die BSB is - ekskuus, die BSB is 'n onderafdeling van spesiale magte.

Ja, gee net wat daar in die koerant staan. -- O, hierso.

Nee, die bevelstruktuur. Wie staan heel bo-aan die BSB volgens die koerant? -- Generaal Malan, minister van verdediging, generaal Jannie Geldenhuys die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, dan generaal Witkop Badenhorst ...

VOORSITTER: Is dit nou u? -- Dit is nou ek. Hoof van staf: militêre inligting en dan verwysende na ander generaals, insluitende generaal Joubert en generaal-majoor Eddie Webb (30)

kolonel Joe Verster word dan aangedui as die bevelvoerder - "the commanding officer of CCB".

MNR. McNALLY: In teenstelling met die generaal Joubert wat u reeds in u getuienis gemeld het, is dit nou generaal Joubert van die weermag, wat daar genoem word? -- Hierdie generaal?

Ja. Generaal Joubert. -- U meen die generaal Joubert wat ek hier noem?

Wat in die koerant genoem word.

VOORSITTER: Is hy in die weermag? -- O, eksuus, "Other generals including General Joubert, Major General Webb" - (10)
generaal Joubert is op hierdie stadium - is in die weermag. Hy was voor generaal Webb die bevelvoerder van spesiale magte en huidiglik is hy die adjunk-hoof van staf: inligting.

Met ander woorde is hy onder u? -- Hy is direk onder my.

MNR. McNALLY: Wat is u getuienis oor die korrektheid van daardie berig in verband met die bevelstruktuur in die BSB soos wat u dit gevind het? -- Die korrektheid is dat generaal Webb is die bevelvoerder van spesmagte en dan is mnr. Joe Verster in beheer van die BSB.

So, betwis u die korrektheid van u beweerde betrokkenheid in die bevelstruktuur van die BSB? -- Gewis. Ek betwis dit ten sterkste.

VOORSITTER: En ook van generaal Joubert? -- En op hierdie stadium ook van generaal Joubert.

So, soos u dit stel is daar 'n duidelike skeidslyn tussen afdeling militêre intelligensie en spesiale magte en u het niks met spesiale magte te doen nie? -- Korrek.

En BSB val onder spesiale magte. -- Dit is 'n onderafdeling van spesiale magte.

MNR. McNALLY: Miskien sal dit gerieflik wees om hierdie (30)

in te handig as BEWYSSTUK C3.

VOORSITTER: Dankie.

MNR. McNALLY: Het die publisering van daardie beweerde bevelstruktuur vir u gevolge ingehou? -- Vir my persoonlik nie. Ek dink vir my huisgesin wel. My familie ontvang feitlik elke nag naamlose oproepe en ek dink vir hulle is dit nadelig. Hulle begin senuweeagtig raak oor hierdie oproepe. Die jongste oproepe wat hulle gekry het, was verlede Saterdagand terwyl die regsman en ons saamgewerk het om die voorbereidings te doen, was my vrou gedurig - by twee geleenthede, na 24h00 (10) oor die telefoon gebel. In sommige gevalle is niks gesê nie, in ander gevalle net gelag en die telefoon neergesit.

Sal u voortgaan, asseblief, met die lees van u verklaring.

VOORSITTER: Op bladsy 3, die ...

MNR. McNALLY: Die sewende paragraaf. -- "Die aanvanklike werkswyse wat deur generaal Joubert en myself gevolg was, was dat ek sekere inligting vir hom moes bekom by spesiale magte. In dié verband het ek gereeld met generaal-majoor Webb, die bevelvoerende generaal van spesiale magte, geskakel. (20)

Hierdie metode van werk was nie suksesvol nie en is daar toe besluit dat ek generaal-majoor Webb en mnr. Verster direk in kontak met generaal Joubert van die polisie moet bring sodat hulle dan direk op sy navrae kon antwoord."

In watter opsig het die eerste werksmetode nie gewerk nie? -- Ek was net die tussenman en ek het net teruggekome met 'n negatiewe antwoord "ek ontken" en dit het naderhand moeilik geword om maar net te gaan vra en dan kom ek terug en ek rapporteer aan generaal Joubert "ek ontken".

En die ontkenning kom van die kant van

(30)

generaal Webb, is dit wat u sê? -- Dit kom van generaal Webb se kant, ja.

Gaan voort. -- "Ek was nie teenwoordig tydens die eerste ontmoeting wat ek gereël het tussen generaal Joubert en mnr. Verster nie en ek weet derhalwe nie wat daar gesê was nie. By twee of drie geleenthede daarna was ek wel op aandrang van generaal Joubert teenwoordig toe hy met Verster gepraat het. Hierdie gesprekke het na my mening ook nie veel vrug opgelewer nie. Ek was ook teenwoordig tydens twee of drie gesprekke wat generaal Joubert met generaal-majoor Webb gevoer het. Vol-(10) gens my herinnering het hierdie gesprekke aan die einde van November 1989 tot ongeveer middel Desember 1989 plaasgevind" en nou verwys ek nie net na die gesprekke met generaal Webb nie, maar ook na die gesprekke met Verster.

En die generaal Joubert na wie u verwys daar, is die polisieman, nê? -- Is die polisiegeneraal.

Goed. -- "Vandat ek met generaal Joubert van die SAP begin skakel het, het die klem voortdurend op die Webster-moord geval en dit was vir my baie duidelik dat die Webster-moord 'n ernstige saak was en dat alle pogings aangewend (20) moes word om dit op te los. Ek wil net hier meld dat die Brixtonse moord- en roofteenheid afsonderlik en onverpoosd voortgegaan het met hulle ondersoek na die Webster-moord."

Die gesprekke wat ek en generaal Joubert gevoer het, was dus nie die enigste ondersoek wat plaasgevind het rondom die Webster-moord nie. "In hierdie stadium, dit wil sê middel Desember 1989, was dit vir my heel duidelik dat BSB volgens Barnard se verklaring betrokke kon wees by heelwat binnelandse operasies. Op of ongeveer 20 September 1989 ..

VOORSITTER: 20 Desember. -- Ekskuus. "Op of ongeveer 20 Desember 1989 het die minister van wet en orde 'n vergadering belê waar die minister van verdediging, die kommissaris van polisie, die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag en generaal Joubert van die polisie en myself asook ander offisiere teenwoordig was. Minister Vlok het die vergadering meegedeel dat die ondersoek na die Webster-moord nie na wense vorder nie en verder dat daar ernstige aantygings teen die Suid-Afrikaanse Weermag en meer spesifiek teen BSB gemaak word. Generaal Malan het na bespreking van sommige van die aantygings (10)

generaal Geldenhuys versoek om onmiddellik 'n interne ondersoek te gelas. Ek het die opdrag gekry van die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag om dringend die ondersoek te doen. Ek het die vergadering versoek dat 'n senior offisier van die Suid-Afrikaanse Polisie my in my ondersoek moet bystaan. Brigadier Engelbrecht van die Suid-Afrikaanse Polisie-speurtak is toe aan my toegewys om my te help." Ek kan net meld dat brigadier Engelbrecht nie op hierdie vergadering teenwoordig was nie.

MNR. McNALLY: Was hierdie opdrag wat u in hierdie para- (20) graaf meld ook 'n mondelingse opdrag of was dit op skrif gewees? -- Dit was 'n mondelingse opdrag.

Gaan voort. -- "Ons opdrag" dit is nou myne en brigadier Engelbrecht s'n, "was om die aantygings teen BSB te ondersoek met die klem op die betrokkenheid ten opsigte van die Webster-moord. Dit was verder my opdrag om volledige besonderhede by generaal Joubert van die polisie te kry" en die besonderhede waarna ek hier verwys is dan volledig die aantygings wat gemaak word teen die weermag, in besonder dan BSB. "Dit het ek dan ook gedoen.

Op geen stadium egter is die (30)

verklarings van Barnard of Botha aan my oorhandig nie, maar generaal Joubert het die relevante punte aan my uitgelig waarvan ek dan notas gemaak het."

Wat het van daardie oorspronklike notas geword? -- Die oorspronklike notas het ek getabuleer en dit wat ek daar by generaal Joubert in rof geskryf het, het ek toe vernietig.

Is u tabuleringsnotas beskikbaar vandag? -- Dit is beskikbaar.

Gaan voort. -- "Die volgende inligting is deur generaal Joubert" dit is nou van die polisie "aan my verskaf: 'n Bewering dat Staal Burger geld sou gesteel het deur operasiekostes te 'laai'. Die McQuillan-projek (dubbelagent) waarby Barnard na bewering betrokke sou wees. Die beweerde .."

Kan ek u in die rede val. Paragraaf 16.3 is een van die bewerings wat hier weggelaat word. -- Weggelaat is.

VOORSITTER: Kan ek net op rekord plaas dat ek dink nie daar is verskyning vir enige persoon wat hier genoem word nie. Ek is nie seker nie. -- Kan ek aangaan?

MNR. McNALLY: Sal u net meld as u kom by 'n plek waar (20) iets weggelaat is sodat ons die plekke kan identifiseer. -- "16.4 Die beweerde plasing van 'n bom deur Botha by 'n saal in Athlone saam met Slang van Zyl. Die saal in Athlone staan bekend as die Cape Youth Congress Centre." Dan paragraaf 16.5 is dan weer weggelaat. "16.6 Die beweerde betrokkenheid van Botha by die uitbrand van die motor van mnr. Roskam. Mnr. Roskam is beskryf as 'n aktivis aan die Universiteit van die Witwatersrand. Verdere bewerings ten aansien van buitelandse optrede wat ek geadviseer is buite die opdrag van die agbare kommissie val, is ook aan my gemaak. Die bewering dat (30)

Botha/..

Botha tweedehandse kennis sou dra van die feit dat 'n streekbestuurder met die kodenaam Marius se winkel te Pretoria opgeblaas is om hom 'n les te leer. Die probleem sou ontstaan het weens geld. Die bewering was verder dat BSB geopenbaar is."

VOORSITTER: As u praat van streekbestuurder, dan is dit streekbestuurder van BSB? -- Ja.

MNR. McNALLY: 16.9? -- "16.9 Die bewering dat na Botha se aanhouding BSB 'n bedrag van R15 000 aan sy familie beskikbaar gestel het vir die doeleindes van die bring van 'n interdik vir sy vrylating. 16.10 Die bewering dat brigadier (10) Krappies Engelbrecht tydens Botha se aanhouding vir laasgenoemde sou gesê het om stil te bly.

VOORSITTER: Is dit nou dieselfde brigadier Engelbrecht wat aan u toegewys .. -- Wat aan my toegewys was. Die bewering dat Botha bewus is van die bestaan van 'n organisasie genaamd EMLC wat BSB bystaan met tegniese en chemiese bystand en ook plofstowwe aan hulle lewer."

MNR. McNALLY: Wat is die volle naam van EMLC? Weet u? -- Ek ken net die afkorting.

Goed, ons sal ons daarby berus. Die volgende een, (20) 16.12. -- "Die bewering dat 'n motorbom altyd beskikbaar is en by die 'skuur' gehou word. Dit was nie bekend waar hierdie sogenaamde 'skuur' is nie. Die beweerde operasie Apie wat deur Slang van Zyl en Barnard by die huis van dr. Desmond Tutu uitgevoer sou wees."

Kan ek 'n bietjie hier stilstaan, generaal. -- Ek dink daar word weer verwys na hierdie projek later in die verklaring en wel onder paragraaf 16.26 op bladsy 10. Kan u net daardie paragraaf aan die kommissie voorlees. 16.26.-- Dit is 'n bewering "Dat Barnard na bewering vir Slang van Zyl (30)

behulpzaam/..

behulpzaam was by die projek waartydens 'n aapetus se dr. Tutu se huis opgehang is."

Nou, hoe gebeur dit dat u wat blyk dieselfde insident te wees in twee verskillende paragrawe noem? Hoe het dit gebeur? -- Dit kan bes moontlik gebeur het en ek het die feite van Barnard se verklaring, die aantygings, gestipuleer en die aantygings gemaak uit Botha se verklaring en dit het my dan ontgaan dat dit 'n duplikasie was. Ek antwoord dan ook so daarop.

Daar is ander gevalle, Voorsitter, waar sulke dupli- (10) kasies voorkom, maar dit is die blykbare rede. Goed, ons gaan voort. 16.14 op bladsy 8. -- "'n Bewering deur Botha dat hy verseker sou gewees het dat alle operasies van BSB deur die Staatspresident goedgekeur is. Die bewering dat ene Louis, die hanteerder van Barnard, vir Barnard sou uitgereik het met 'n vals paspoort asook 'n SAP-aanstellingsertifikaat in die naam van H.J. van Staden. Die sertifikaat het voorgegee geteken te wees deur generaal D.K. Genis." Ek het nie die sertifikaat onder oë gehad nie. "Dat Barnard na bewering Dermott McQuillan as bron gewerf het, dat laasgenoemde by verskeie(20) projekte van BSB betrokke was en ook deur AMI gebruik is.

Die verdere bewering was dat Louis tydens hulle ontmoeting met Barnard 'n pak blanko aanstellingssertifikate by hom gehad het .."

VOORSITTER: SAP, die polisie. -- SAP-aanstellingssertifikate by hom gehad het.

MNR. McNALLY: 16.18. -- "Dat Barnard na bewering deur Louis van rekenaaruitdrukke van Nasionale Intelligensie voorsien is met die name van onder andere Jay Naidoo, Cyril Ramaposa, Moses Nayekiso en Frank Chikane daarop. Barnard moes na (30)

bewering/..

stel." Dit was die aantyging.

16.19. -- "Dat volgens Barnard BSB na bewering betrokke was by die skietvoorval waarin Buti van der Merwe in Alexandra gesterf het.

16.20. -- "Dat Barnard na bewering 'n swart joernalis genaamd Uabi gewerf het en dat laasgenoemde later deur BSB gebruik is. Dat Barnard na bewering in April 1989 opdrag gekry het om inligting met betrekking tot generaal-majoor Basie Smit in te win."

(10) VOORSITTER: Wie is hy?

-- Generaal Basie Smit is huidig die hoof van veiligheid.

MNR. McNALLY: En die SA Polisie? -- En die Suid-Afrikaanse Polisie. "Dat hy na bewering geweier het en daarna moeilikheid met Louis gekry het. Dat gedurende dieselfde maand Barnard vir McQuillan geïdentifiseer het as 'n persoon swat vir spesiale magte gewerk het en dat toe Johan Verster daarvan gehoor het, Barnard ontslaan is.

16.22. -- "Dat terwyl Barnard na bewering gedurende Junie 1989 vir Botha behulpsaam was om Bruce White te monitor (20) hulle as verdagte rowers gearresteer is. Hulle is egter losgelaat waarna Verster na bewering vir Botha sogenaamd op die 'ys' geplaas het.

16.23. -- "Dat Barnard na bewering in die geselskap van Louis was toe laasgenoemde 'n radioboodskap ontvang het in verband met 'n aanval op 'n bus met studente vanaf Wits onderweg na die Delmas-hoogverraadsaak. Dat Louis ontsteld was toe hy verneem het dat 'n bepaalde persoon nie op die bus was nie en dat Barnard dit in verband gebring het met dr. Webster.

Dat Slang van Zyl na bewering vir Barnard vertel het van (30) die bom/..

die bom in Athlone."

So, dit is 'n aspek van 'n vorige projek wat u genoem het.
-- Ja, korrek. "Dat Barnard na bewering vir Slang van Zyl behulpsaam was by die projek waartydens 'n aap se fetus by dr. Tutu se huis opgehang is."

Ek sien daar is 'n spasie. Is iets hier weggelaat?

VOORSITTER: Ja, 16.27 en 16.24 het betrekking op dieselfde aangeleentheid as 16.5. Dit is alles dieselfde projek.

MNR. McNALLY: Dankie, voorsitter. Kan ons voortgaan dan met paragraaf 17 van u verklaring. -- Ek sluit nou weer aan (10) waar ons opdrag gekry het om die informele ondersoek te doen. "Aangesien al die betrokke persone reeds met vakansie was, het ek en brigadier Engelbrecht besluit om ons ondersoek uit te stel tot vroeg in Januarie 1990. Ons het egter reeds op 3 Januarie 1990 vir generaal Webb en Verster na Kaapstad ontbied waar hulle deur die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag verwittig is van die ondersoek en dat hulle hul samewerking moet verleen. Vir die doeleindes van ons ondersoek het ek en brigadier Engelbrecht ons hoofsaaklik toegespits op onderhoude wat ons met die betrokke persone gevoer het. Hierdie (20) onderhoude is gevoer ten einde betrokkenheid van BSB en die betrokke lede te bepaal."

Met u ontbieding van Webb en Verster na Kaapstad op 3 Januarie 1990, het iets aan die lig gekom of was hulle net ontbied om gesê te word dat hulle hul samewerking moet verleen? -- Feite van die saak was nie ter sprake nie. Dit was inkennisstelling dat daar nou 'n ondersoek sal wees en dat ek en brigadier Engelbrecht die ondersoek sal lei en dat die twee lede, generaal Webb en Verster, dan hulle volle samewerking moet gee vir ons in hierdie ondersoek. (30)

Gaan dan/..

Gaan dan voort met paragraaf 18, asseblief. -- "In ons ondersoek het ek en brigadier Engelbrecht ons hoofsaaklik toegespits op die moord op dr. Webster. Die rede hiervoor was dat in die pers geweldige druk op die regering en veral die staatspresident uitgeoefen is om 'n kommissie van ondersoek aan te stel, veral as gevolg van die moord op dr. Webster. Die gedagte het ontstaan dat indien hierdie mord opgelos kon word, die druk op die staatspresident sou afneem. Dit sal ont- hou word dat die staatspresident gedurende hierdie tydperk versoek het dat geleentheid aan die polisie gegee word om (10) hulle ondersoek in hierdie verband te voltooi. Die ondersoek het gedurende die tydperk 6 Januarie tot 9 Januarie 1990 plaasgevind en op 11 Januarie 1990 is verslag gedoen aan ministers Coetzee, Vlok en Malan. Ook teenwoordig was gene- raals Van der Merwe, Geldehuys, Joubert en van die polisie brigadier Engelbrecht en myself. Die vergadering het plaas- gevind in minister Coetzee se kantoor. Ek het soos hieronder uiteengesit terugvoering gegee. Ten opsigte van finansies het ek geen terugvoer gegee nie omdat dit ons maande sou neem om enige ongerymdhede te kan bepaal." (20)

Ja, ons hou hier 'n bietjie stil. Mnr. die Voorsitter, sal u my 'n aanduiding gee wanneer dit vir u geleë is om te verdaag.

Sal u net vir die voorsitter asseblief u werkswyse uiteensit met die ondersoek wat u tussen 6 en 9 Januarie ge- doen het. -- Ek het met generaal Webb geskakel en vir hom ge- vra dat hy moet reël dat die betrokkenes soos genoem in die aantygings beskikbaar gestel moet word sodat ons, ek en bri- gadier Engelbrecht, hulle kon spreek.

Wie was daardie betrokkenes? Sal u hulle name gee. -- Die betrokkenes was mnr. Verster, mnr. Burger, mnr. Botha, (30)

Louis Maree/..

Louis Maree ..

Is dit Chappie Maree? -- Chappie Maree, Slang van Zyl, Christo, Chris Nel en daar kan nog een wees wat ek nie vinnig kan onthou nie.

U het nie Barnard genoem nie. Is dit omdat hy nog onder artikel 29 aangehou was? -- Ons het op geen geleentheid met Barnard gepraat nie, want hy was 'n artikel 29-aangehoudene. Botha, wat 'n aangehoudene was, was alreeds toe ontslaan en ons het met hom gepraat.

Wat was u werkswyse met betrekking tot die teenwoor- (10)
digheid van Joe Verster by die ondervraging van sy onderge-
skiktes? Was hy teenwoordig gewees? -- Ons het Joe Verster
uitgenooi om die verrigtinge te volg en dan by te wees.

In watter gevalle was hy by toe u met die genoemde per-
sone konsultasies gevoer het? (Tussenbei)

VOORSITTER: Die vraag is, het u met almal konsultasies ge-
voer wat u genoem het? -- Met die wat ek genoem het, het ons
konsultasies gevoer.

MNR. McNALLY: En in watter van daardie gevalle was Joe Verster
by? -- Hy was in al die gevalle by behalwe in een (20)
geval waar ons - was hy gedeeltelik nie by nie - waar ek met mnr.
Maree gepraat het.

En wat Slang van Zyl aanbetref? -- Ja, ekskuus, Slang van
Zyl was hy ook nie by nie.

So in al die ander gevalle was hy teenwoordig gedurende die
aonderhoude wat u met die betrokkenes gevoer het? -- Korrek.

Het u ook generaal Webb uitgenooi om teenwoordig te wees by
dieselfde onderhoude? -- Ek het die uitnodiging ook aan generaal
Webb gerig. Hy kon egter nie die verrigtinge (30)

bywoon/..

ondervraging gedoen het waar generaal Webb wel toe bygekom het op 'n laat stadium. Ons het al ver gevorder met die ondervraging toe kom hy by.

Ek sien in paragraaf 20 begin u met die McQuillan-projek, maar ek dink onder die lys van bewerings het die kwessie van Staal Burger heel eerste gestaan op die lys van bewerings. Word dit gedek deur wat u gesê het ten opsigte van die finansies, naamlik dat u geen terugvoering gegee het nie, omdat dit u maande sou geneem het om enige ongerymdhede te kan be- (10) paal? -- Dit is korrek.

Is dit hoekom u die resultaat van daardie spesifieke bewering nie hier aankondig nie. -- Nie ingesit het nie.

Goed, gaan voort, paragraaf 20.1. -- "Die McQuillan-projek: McQuillan was 'n dubbelagent wat deur die SAP(V) gearresteer is - Suid-Afrikaanse Veiligheidspolisie gearresteer is.

Barnard het beweer hy is McQuillan se hanteerder en dat McQuillan vir spesiale magte werk. McQuillan is toe vrygelaat en die aangeleentheid is na die teen-spioenasiekomitee" wat 'n deel vorm van die inligtingskoördinerende komitee van die (20) inligtingsgemeenskap, dit is 'n sub-komitee, na hulle verwys vir ondersoek.

VOORSITTER: Dit raak eintlik nie die kommissie nie. -- Ja.

Verder het mnr. Verster beweer dat Barnard se betrokkenheid by McQuillan het gelei tot sy ontslag.

MNR. McNALLY: Dan word daar iets weggelaat, nê?

VOORSITTER: Ja, dit gaan weer oor dieselfde persone wat vroeër genoem is.

MNR. McNALLY: Dankie, kommissaris. En dan gaan u aan met Chikane. -- "Volgens wat aan ons gerapporteer was, is 'n (30)

rekenaaruitdruk/..

oorhandig met die opdrag dat hy die bekende name moes merk. Chikane was een van die name wat Barnard sou gemerk het. Ons kon nie vasstel wat die verdere opdragte ten opsigte van Chikane was nie."

Ja, ek dink u het Louis se werklike name bekom, nê? -- Ek het sy werklike naam bekom.

Is daar enige probleem met die noem daarvan? -- Die werklike naam - Louis se administratiewe naam, die werklike naam is Lafras Luitingh. (10)

Dan gaan ons oor na Bruce White se geval. -- "Dit is gerapporteer dat Botha en Barnard vir Bruce White onder observasie gehou het. White se kantoor is dopgehou. 'n Bougenootskap het die polisie geskakel toe Botha en Barnard se teenwoordigheid in die omgewing verdag voorgekom het. Die amptenaar van die bougenootskap het naamlik gedink dat Botha en Barnard 'n roof beplan. Ons kon nie vasstel watter storie aan die polisie aangebied was ten einde hulle vrylating te bewerkstellig nie. Hulle is egter vrygelaat en Botha is weens hierdie voorval tydelik deur BSB geskors" (20)

So, u het vasgestel dan in die ondersoek dat daar wel 'n moniteringsproses aan die gang was ten opsigte van Bruce White deur die BSB? -- Ja, miskien druk ek my verkeerd uit. Die vasstelling, die verklaring - generaal Joubert van die polisie het vir my gesê hy het laat nagaan watter mense het kantore in hierdie gebou en toe het ek op die naam van Bruce White gekom en ek het die Bruce White-naam getoets en ek het dit bevestig.

Dan is daar iets wat weggelaat is.

VOORSITTER: Ja, dit is van twee van die mense wat vroeër genoem is. (30)

MNR. McNALLY/..

Kl.42

- 27 -

BADENHORST

MNR. McNALLY: Kan ons oorstap na 20.3 van u verklaring, die

bomaanval op Athlone. -- Die bomaanval op Athlone. Die betrokkenheid van BSB by hierdie voorval is aan ons erken deur Slang van Zyl en ons het ook met Botha daarvoor gepraat en hy het ook akkoord gegaan. Die uitbrand van Roskam se motor: Hier was nie 'n spesifieke lid van BSB aan hierdie aksie gekoppel nie en het ons almal gevra wat ons ondervra het of hulle iets weet van BSB se betrokkenheid by die uitbrand van mnr. Roskam se motor en almal het dit ten sterkste kategories ontken.

(10)

20.5. -- Die opblaas van Marius se winkel. "BSB betrokkenheid by hierdie voorval is ook ontken. Daar is egter nie veel aandag hieraan gegee nie aangesien generaal Joubert van die polisie op daardie stadium besig was met 'n afsonderlike ondersoek ten opsigte van hierdie voorval."

20.6, die regkoste van Botha. -- "Die regkoste van Botha: Dit is aan ons erken dat die bedrag van R15 000 aan die familie beskikbaar gestel is vir Botha se regkoste." Van wie het u daardie inligting bekom, daardie erkenning? -- Generaal Webb en mnr. Verster het dit aan my bevestig. (20)

20.7. -- "Die bewerings ten aansien van brigadier Engelbrecht se betrokkenheid by BSB. Ek het Botha persoonlik oor hierdie aspek ondervra. Hy het egter ontken dat hy dit gesê het of dat hy 'n verklaring in die verband afgelê het."

Kan ons hierdie paragraaf in verband probeer bring met die bewering, want ek sien nie 'n verband tussen die twee nie. Kan ons net terugblaai na paragraaf 16.10 op bladsy 7. Die bewering daar was dat brigadier Krappies Engelbrecht tydens Botha se aanhouding vir laasgenoemde sou gesê het om stil (30)

te bly/..

Kan u die verskil verduidelik daar. -- Kommissaris, kan u net vir my ...

VOORSITTER: Gaan terug na bladsy 7 dan kyk u na 16.10. -- 16.?

10. -- Die bewering was dat Krappies Engelbrecht tydens Botha se aanhouding vir hom sou gesê het om stil te bly. Dit is die bewering wat u moes ondersoek. -- Ja.

Nou, u noem dit - die opskrif wat u dit gee by 20.7 is dat dit is 'n bewering ten aansien van brigadier Engelbrecht se betrokkenheid by BSB. Gaan dit meer as wat in 16.10 staan of gaan dit net om 16.10? -- As ek reg onthou dan was ek dalk net met een sin onvolledig hier. In die aantyging het verder gestaan dat Botha weet van 'n verhouding tussen mnr. Verster en brigadier Engelbrecht en dus het hy aanvaar hy is 'n lid van BSB. Ek is jammer vir daardie weglating. (10)

MNR. McNALLY: Goed, u ondersoek, wat het dit nou aan die lig gebring in daardie verband? -- Ek het geen gronde kon vind dat brigadier Engelbrecht 'n lid van BSB was nie. Ek kan dit verder toelig, dit staan nie hier nie, maar die manier hoe brigadier Engelbrecht die ondersoek help hanteer het, was vir my duidelik dat hy is nie 'n lid van BSB nie, want daar was harde woorde gepraat om inligting te kry en dit het vir my 'n goeie bewys gegee dat hy nie 'n lid van BSB was nie. (20)

En het Botha ook ontken dat hy dit gesê het of 'n verklaring in daardie verband afgelê het soos wat hier staan in 20.7? -- Ja, Botha het gesê ek het dit nooit gesê nie en ek het ook nie 'n verklaring daaroor afgelê nie.

Goed, ek dink ons kan van daardie punt afstap. 20.8. -
"Die bestaan van EMLC: Ek is persoonlik bewus van die (30)

EMLC/..

Kl.48

- 29 -

BADENHORST

EMLC wat tegniese ondersteuning aan spesiale magte verskaf. EMLC vorm deel van die spesiale magte-opset, maar is nie deel van BSB

nie."

VOORSITTER: Generaal - ja, gaan maar voort. -- Ekskuus?

Wil u nog iets hieroor sê? -- Nee, ek wil net verder dan byvoeg ek is nie ten volle in die prentjie wat EMLC se tegniese ondersteuning is wat hulle verskaf nie.

Mnr. Visser wil vreeslik graag tee gaan drink. Ons sal verdaag.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR TEE. DIE KOMMISSIE HERVAT. (10)

CHAIRMAN: Please remove that.

MR McNALLY: Please, we do not want television cameras in the commission room.

Mnr. die Voorsitter, ons het gekom bo-aan bladsy 15 van die verklaring, paragraaf 20.9.

RUDOLF BADENHORST nog onder eed:

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Sal u voortgaan, asseblief. -- "Die motorbom in die 'skuur': Die bewerings in hierdie verband is ontken en ons kon ook nie vasstel waar die 'skuur' geleë is nie. Die Apieprojek. BSB-betrokkenheid (20) by hierdie voorval is aan ons erken."

Op watter vlak is dit erken? -- Tydens die ondersoek is dit erken deur Slang van Zyl.

So, die oorspronklike bewering is gemaak deur wie? -- Botha of Barnard. Ek is nie ...

Een van die twee en dit is dan bevestig deur Slang van Zyl? -- Ja.

Goed, 20.11. -- "Die bewering dat die staatspresident; alle projekte goedkeur: Volgens die amptelike goedkeurings-prosedure is hierdie bewering deur Botha ongegrond. Ons (30) kon egter/..

Kl.50

- 30 -

BADENHORST

kon egter nie vasstel of dit deur enige lid van Botha gesê is nie, want almal wat ons ondervra het, het dit ontken. Ten aansien

van staande prosedure verwys ek u dan na bylae RB2 hierby aangeheg.

Sal u dit net voor u kry.

MNR. BURGER: Kommissaris, ek is jammer dit is RB1 gemerk. Daar het met die drukproses 'n probleem gekom. Verskoning.

VOORSITTER: O, dit is RB1(b).

MNR. McNALLY: RB1(b). Is dit die dokument met die datum 21 Julie 1987? -- Dit is korrek, ja. (10)

Sal u ons net wys ...

VOORSITTER: Verduidelik.

MNR. McNALLY: Verduidelik hoe die staatspresident nie daarby inpas nie. -- In kort verduidelik?

Asseblief. -- Enige operasie wat beplan word volgens hierdie dokument moet eers in beginsel goedkeuring kry vanaf die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag alvorens finale be-

planning gedoen kan word. Die finale planne word dan aan die hoof die Suid-Afrikaanse Weermag voorgelê vir goedkeuring.

So 'n plan sal na die hoër hiërargie toe gaan alleenlik (20) mits daar politieke implikasies of implikasies vir die land is, dan sal dit na die minister verwys word vir sy goedkeuring en ek dink dan generaal Klopper sal meer in detail oor die hele prosecure uitwy. As dit u so sal behaag.

Baseer u u stelling dat die staatspresident nie betrokke was soos wat Botha beweer het op hoorsêgetuienis, op die inhoud van hierdie BEWYSSTUK RB1(b)? (Tussenbei)

VOORSITTER: Met ander woorde wat die advokat u vra is, is dit net die dokument wat dit vir u aantoon of maak u ook staat op u eie kennis? -- Ek maak staat op my eie kennis. (30)

Oor/..

Kl.50

- 31 -

BADENHORST

Oor hoe die dinge werk. -- En hoe dit werk ook.

MNR. McNALLY: Dan stap ons aan en die volgende aspek is 20.12. -- "Die uitreiking van vervalste polisie-aanstelling-

sertifikate: Louis, Barnard se hanteerder, het beweer dat Barnard die betrokke sertifikaat aan hom gegee het en dat dit onwaar is dat hy dit vir Barnard gegee het." Barnard het die aantyging gemaak dat Louis het dit vir hom gegee. "Louis be-
weer verder dat hy die sertifikaat wat hy by Barnard gekry het vernietig het. Hy kon egter nie verduidelik hoekom hy nie teen Barnard opgetree het in die verband nie. Die be- (10)
wering dat Barnard vir McQuillan as bron gewerf het: Aan ons is ontken dat McQuillan betrokke was by enige projekte van BSB. McQuillan is egter wel in 'n stadium na afdeling militêre inligting verwys waar hy by een geleentheid deur ons gebruik is. Die pak blanko SAP-aanstellingssertifikate: Hierdie bewering is teenoor ons ontken. Die nasionale intelligensie-rekenaaruitdrukke: Dit is erken dat Barnard in besit gestel is van rekenaaruitdrukke, maar ons is meegedeel dat dit afdeling militêre inligting-uitdrukke - dat dit AMI-uitdrukke van afde-
ling militêre inligting was. Die betrokke uitdruk kon nie(20) aan ons voorgelê word vir besigtiging nie. Volgens Louis moes Barnard net die name bestudeer en daardie name wat hy ken merk. Hy het geen verdere opdragte in die verband gehad nie." Ons kon ook geen verdere opdragte vasstel in die verband nie.

20.16. -- "Die beweerde moord op Buti van der Merwe. BSB-betrokkenheid by hierdie voorval is ontken en ons kon geen bewyse daarvoor vind nie." Die bewering van die swart joernalis Uabi Ngaba: Sover ek kan onthou, het ons geen navraag oor hierdie geval gedoen nie. Generaal Basie Smit: Die bewerings in hierdie verband is teenoor ons ontken. Die (30)
monitering/..

monitering van Bruce White: Hierdie bewering is teenoor ons erken deur Botha. Daar is verder erken dat Barnard vir Botha gehelp

het sonder die medewete van die BSB-lede. Hy was toe reeds ontslaan en Botha het hom in sy eie onderbou gebruik.

Die Delmas-busvoorval: Ook hierdie bewering is teenoor ons ontken. Die bewering dat Van Zyl vir Barnard vertel ...

VOORSITTER: Laat ons net op rekord plaas dat 20.21 hang weer saam met dieselfde persone wat vantevore genoem is in die deurgehaalde gedeeltes.

MNR. McNALLY: Ons stap dan aan tot by 20.22. -- Die be- (10)
wering dat Van Zyl vir Barnard vertel het van die bomvoorval te Athlone: Hierdie bewering is erken deur hom.

VOORSITTER: Ekskuus tog, deur wie erken? -- Deur Slang van Zyl erken.

Met ander woorde dat hy vir Barnard vertel het van 'n bomvoorval te Athlone of dat BSB dit gedoen het of wat? -- Hy het vir hom vertel van die bomvoorval te Athlone.

En dat BSB dit gedoen het? -- Nee, dit was nie deel van die gesprek nie. Hy het nie vir my gesê - hy het vir hom vertel BSB het dit gedoen. Hy het gesê Barnard - hy het vir (20)
Barnard vertel dat hulle betrokke was by 'n bom te Athlone.

MNR. McNALLY: Maar het Slang van Zyl nie bevestig dat dit 'n BSB-projek was nie? -- Hy het dit bevestig dat dit 'n BSB-projek ...

Gaan voort. -- Die Apie-projek: Hierdie bewering is erken. Kommissaris, dan is 20.24 weer ...

VOORSITTER: Ja, dit is weer dieselfde as die vorige persoon. -- 20.25 die Webster-moord: Ten spyte van uiterste pogings kon ons met hierdie aspek geen vordering maak nie. Almal wat deur ons ondervra is, het ontken dat BSB betrokke was by (30)

die moord/..

die moord op dr. Webster. Paragraaf 21: "In hierdie verklaring is baie meer besonderhede verskaf as wat destyds aan die

ministers meegedeel is. Aan hulle is slegs die belangrikste aspekte uitgelig weens die tydsfaktor. 'n Tweede vergadering is op die aand van 11 Januarie 1990 gehou waar almal wat die eerste vergadering, die terugrapporteringsvergadering, bygewoon het, weer teenwoordig was. Minister Coetzee het die vergadering meegedeel dat die staatspresident beslis het dat die aangeleentheid tot op die been oopgekloof moet word. Op 19 Januarie is weer 'n vergadering by minister Vlok belê (10) wat deur minister Malan en generaal Van der Merwe, generaal Geldenhuys, generaal Joubert van die polisie, asook myself en ander offisiere bygewoon is. Tydens hierdie vergadering is besluit dat die polisie se dossier bevattende Barnard en Botha se verklarings aan die prokureur-generaal van die Witwatersrand oorhandig moes word. Verder is besluit dat die informele ondersoek wat deur myself en brigadier Engelbrecht gehou is uitgebrei moes word na 'n formele ondersoek met opdrag om die doel, die organisasie, die werkswyse, opdraggewing, goedkeuringsprosesse, die personeelbeleid, finansiële beleid, (20) die logistieke beleid en die sekerheid van BSB te ondersoek. Volgens wat ek meegedeel is, het die prokureur-generaal van die Witwatersrand beswaar aangeteken teen die aanwending van brigadier Engelbrecht in die gebied waar hy jurisdiksie het en generaal Geldenhuys, die hoof van die weermag, het my toe ook onttrek en die opdrag aan generaal Klopper en brigadier gegee.

VOORSITTER: En dit was dan op wanneer? -- Dit was 19 Januarie, op dieselfde dag wat die vergadering gegee was.

MNR. McNALLY: Generaal, u het gemeld dat mnr. Joe Verster teenwoordig was by sekere van hierdie samesprekings wat u (30) met die/..

K1.59

- 34 -

BADENHORST

met die betrokkenes gevoer het, was daar enige reaksie van sy kant af tydens hierdie samesprekings? -- Hy het nie deelgeneem aan die

proses, die ondervragingsproses nie, maar daar was by tye verbasing aan sy kant, byvoorbeeld toe Botha erken het dat hy vir Barnard gebruik het. Die organisasie was nie bewus nie - volgens hulle was Barnard reeds ontslaan. Op 'n ander keer het ek vir hom vertel dat Slang van Zyl ook vir Barnard gebruik het en hy was daarvoor ook redelik verbaas.

Ten opsigte van die erkennings wat gemaak was deur die lede van BSB in sy teenwoordigheid, het dit enige reaksie van hom uitgelok? (10) Byvoorbeeld die erkenning dat die fetus van 'n bobbejaan by aartsbiskop Tutu se huis opgehang is en die bominsident by Athlone, en so meer? -- Ek het nie spesifiek na hom gekyk - na my getuie, dit moet ek vir u eerlik sê. Sy verbasing was groot, want vooraf het hy - ek praat nou nie van hierdie - waar ek die gevalle van sy verbasing noem het hy vir my vertel dat die waarheid is klaar aan my ontbloot en toe het ek hierdie punt spesifiek onder sy aandag gebring het jy hiervan geweet, dat Barnard vir Botha gebruik het en dit was verbasing. Verder het ek nie eintlik na sy reaksie gekyk (20) nie.

Het hy tydens die samesprekings enigsins tussenbeide getree om enigiets te ontken wat deur sy lede erken was? -- Nee, ons het hom genooi om as bevelvoerder by te wees en nie om deel te neem aan ons proses nie.

En op die vlak van generaal Webb, het u enige reaksie by hom gekry van die erkennings wat deur BSB-lede teenoor u gemaak is? -- Ek dink generaal Webb was by baie gevalle - dit sal nou moeilik wees om te sê watter gevalle almal, maar by tye was hy self verbaas om te hoor dit en dit het gebeur. (30)

Het hy/..

Kl.61

- 35 -

BADENHORST

Het hy sy verbasing teenoor u uitgespreek? -- Hy het sy verbasing teenoor my uitgespreek.

Wat was sy algehele houding ten opsigte van die bewerings

en dit nou is die generaal self. -- Generaal Webb?

Ja. -- Ek dink generaal Webb het vir ons volle samewerking gegee om te probeer help dat ons agter die kap van die byl kan kom. Dit was ons uiteindelijke siening gewees.

Maar ek dink u het gesê dat hy op 'n stadium alles ontken het. Was dit deurgaans sy houding gewees? -- Dit was in die - toe ek die tussengangerfase was tussen generaal Joubert (10) generaal Webb. Die ontkenning wat hy gemaak het, het hy - baie van die dinge het generaal Webb self nie geweet nie en het hy gaan vasstel - ek weet nie by mnr. Verster of by wie nie en dan teruggekom en gesê ons ontken dit en dit is in daardie fase wat general Webb aan my die ontkenning gedoen het.

Het generaal Webb teenoor u tydens u ondersoek te eniger tyd 'n erkenning gemaak ten opsigte van enigeen van hierdie projekte wat u in u getuienis behandel het? -- Ek kan nie onthou van nie.

(20)

En Joe Verster, het hy enige erkenning gemaak in hierdie verband? -- Inteendeel, ons het hom nooit gevra om te erken nie.

Ons modus operandi was om by die man op die grond te probeer uitvind.

Generaal, soos ek die posisie verstaan uit die ondersoek wat die kommissie se beamptes gedoen het, is dit so dat vir enige projek daar 'n beplanning was en dat 'n dokument voorgelê was aan 'n hoër vlak vir goedkeuring van die spesi-fieke projek. Het u ingegaan daarop? -- Ek het ingegaan op die prosedure wat hulle vir my gesê het. As daar 'n (30)

projek/..

Kl.62

- 36 -

BADENHORST

projek goedgekeur word, dan word die projek geskryf, die implikasies, finansiële implikasies word geskryf en dan word dit voorgelê vir goedkeuring op verskeie vlakke binne die organisasie.

Elke projek het ook sy begroting gehad, nè? -- Dit is so aan my gestel. Ek het egter nie projekte getrek en gekyk nie, want ek wou net betrokkenheid bepaal.

U kon seker betrokkenheid ook bepaal het deur die projekte se dokumente te trek en te kyk wie se handtekening daarop verskyn het, nè? -- Dit is wel so. (10)

Maar u het nie daardie werkswyse gevolg nie? -- Ek het nie daardie werkswyse gevolg nie.

So, het u op geen stadium insae gehad in die dokumente van die verskillende projekte nie? -- Ek het in een dokument probeer vasstel en dit is die dokument waarna ek verwys het, die finansies, sou my maande neem, oor die stelling van die diefstal van Staal Burger wat geld sou steel en daar was 'n bedrag - êrens het ek 'n bedrag opgetel van R100 000 vir 'n sekere projek. Toe het hulle my daardie projek gewys en toe het ek gesien - ek kan nie onthou of dit R32 000 was nie (20) of R23 000 was nie wat daar gereflekteer was en toe het ek be-sef as die R100 000 waar is dan sal ek al die projekte op die tafel moet plaas wat my maande gaan vat en het ek besluit ek gaan liever terugrapporteer dat daar 'n aparte versoek daar-oor moet wees.

Maar afgesien daarvan het u nie die projekdokumentasie onder oë gehad nie? Soos byvoorbeeld die projek van die aap se fetus. -- Ek het nie die Apie-projek of die bom-projek of sulke projekte se dinges het ek nie onder oë gehad nie.

Die dokumentasie? -- Die dokumentasie nie. (30)

U volledige/..

Kl.68

- 37 -

BADENHORST

U volledige verklaring is aan die kommissaris voorgelê as BEWYSSTUK C1. Bevestig u die korrektheid van daardie volledige verklaring? -- Ek bevestig dit.

Dit is ook onder eed gemaak, nè? -- Ek bevestig dat dit onder eed is.

Voorsitter, dit sluit dan my ondervraging van die getuie af. Daar is natuurlik nog die kwessie van die aspekte wat weg-gelaat is wat oorstaan.

VOORSITTER: Maar ek dink ek het dit voor my. Ek kan dit mettertyd indien nodig bekend maak. Ek dink nie dit is (10) nodig op hierdie stadium vir die getuie om dit in die rekord in te lees nie. Ek sou graag die agterliggende ondersoek verder wou hê oor daardie aspek.

MNR. McNALLY: So, u wou nie op hierdie stadium argumente daarvoor aanhoor nie?

VOORSITTER: Nee, ek glo nie dit is nodig nie. Ons kan dit miskien in 'n dag of twee afhandel.

MNR. McNALLY: Want ek het 'n standpunt en as ..

VOORSITTER: Ek is bewus van u standpunt.

MNR. McNALLY: As dit vir u gerieflik is sal ek die (20) standpunt voorlê.

VOORSITTER: Nee, ek dink ek is bewus van u standpunt.

MNR. McNALLY: Nie nou nie?

VOORSITTER: Ja.

MNR. McNALLY: Goed. Dit is dan al van my kant af.

VOORSITTER: Is daar enigiemand wat vrae wil vra?

MNR. HATTINGH: Namens BSB het ons vrae. Ons het egter 'n paar praktiese probleme. Ons is bewus daarvan dat kruis-ondervraging onderhewig aan u goedkeuring is en die probleem wat ons het, is dat hierdie verklaring is nou eers (30)

vanoggend/..

vanoggend aan ons beskikbaar gestel. Dit bevat heelwat bewerings wat betrekking het op mnr. Verster, bewerings wat ons nie die geleentheid gehad het om met hom het om met hom uit te klaar nie en wat ons nou nie met hom kan uitklaar nie vanweë die feit dat

hy ook Vrydag in hegtenis geneem is en aangehou word ingevolge die bepalings van artikel 29.

VOORSITTER: Mnr. Hattingh, as u organisasie enigsins same-werking aan hierdie kommissie sou gegee het tot op datum dan sou u die geleentheid gehad het om te weet van hierdie bewerings en ek weet dat u kennis dra van sekere van die (10) bewerings wat teen die organisasie gemaak is wat hierin vervat is. U het dit van die begin af geweet.

MNR. HATTINGH: Inderdaad dra ons kennis van sommige van die bewerings. Dit het ek ook vanmôre vir mnr. McNally gesê, mnr. die Voorsitter. Ons dra egter nie - ons as regsverteenvoerders dra nie kennis van al die bewerings nie.

VOORSITTER: Nou dan ondervra oor dié waarvan u kennis dra en dan sê u watter u nie van kennis dra nie wat relevant is, want baie van die goed wat hier gesê word is irrelevant uit die oogpunt van die kommissie. (20)

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, ek sou graag die versoek tot u wil rig dat u vir ons 'n geleentheid gee om eers met mnr. Verster in verbinding te tree. Ons is meegedeel dat ons vir doeleindes van 'n aansoek vir sy vrylating moontlik toestemming van die kommissaris sal kry om hom te spreek. Ek glo dat hy ons waarskynlik ook toestemming sal gee om vir doeleindes van die voortsetting van hierdie kommissie se verrigtinge met hom te praat. Mag ek ook net na aanleiding van u opmerking dat ons samewerking, ons gebrek aan samewerking ons in hierdie posisie plaas, 'n opmerking maak, mnr. die (30)

Voorsitter?/..

Kl.70

- 39 -

BADENHORST

Voorsitter? Mnr. Verster is deur brigadier Mostert in hegtenis geneem in verband met kriminele ondersoeke wat hy ondersoek.

VOORSITTER: Ja, dit het Vrydag gebeur.

MNR. HATTINGH: Dit het Vrydag gebeur, ja. Hierdie inligting, al

hierdie bewerings wat in die verklaring vervat is, was nie aan ons bekend nie. Ons het nog nie volledig met mnr. Verster daaroor gekruisondervra nie. Ek weet nie hoe ons gebrek aan samewerking daartoe bygedra het nie en ons wil dit graag ontken.

(10)

VOORSITTER: Wel, dan is dit u ontkenning teenoor my bewering en ek sou graag - ek glo nie u wil hê ek moet alles op rekord plaas van wat in die verlede gebeur het nie, maar ons sal verder daarop ingaan later. Wat ek tans van u het, is 'n aansoek dat u kruisondervraging oorstaan. Ek dink dit is 'n gepaste versoek. Ek dink dit geld vir almal wat 'n belang het. Ek dink ons moet maar eers verdere addisionele getuienis voorlê en dan kan ons, indien nodig, die generaal terugroep vir kruisondervraging.

MNR. HATTINGH: Dankie, mnr. die Voorsitter. (20)

VOORSITTER: Wil u nou verdaag, mnr. McNally?

MNR. McNALLY: Sal dit vir u geleë wees om tot 14h00 te verdaag? Die volgende getuie sal generaal Webb wees.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR MIDDAGETE. DIE KOMMISSIE HERVAT.

K2 MNR. McNALLY: My volgende getuie is generaal Webb.

EDWARD WEBB v.o.e.:

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Generaal, u het 'n afskrif voor u van die verklaring wat u afgelê het gedateer 20 Februarie 1990, is dit reg? -- Dit is reg.

VOORSITTER: Dit sal C4 wees. (30)

MNR. McNALLY/..

K2.1

- 40 -

WEBB

MNR. McNALLY: Sal u dit aan die kommissie asseblief voorlees. -- Ek is 'n generaal-majoor verbonde aan die Suid-Afrikaanse Weermag en is bevelvoerende generaal vir spesiale magte van die Suid-Afrikaanse Weermag vanaf 1 Januarie 1989. Spesiale magte is 'n vertakking van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) wat spesialisfunksies vervul wat nie deur die 'n ander vertakking

van die Suid-Afrikaanse Weermag vervul kan word nie.

Die funksies word vervul ter ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Weermag. Die Burgerlike Beskermingsburo (BSB) is 'n sub-vertakking ... (10)

VOORSITTER: Hier staan samewerkings. -- Ekskuus tog, Burgerlike Samewerkingsburo (BSB), is 'n sub-vertakking spesiale magte wat die taak het om spesiale spesialis-inligting buite en binne die Republiek van Suid-Afrika in te samel met be-trekking tot die vyande van die Republiek van Suid-Afrika en om uitvoering te gee aan optrede teen sodanige vyande in die buiteland waar die SAW normaalweg nie toegang het nie. Die taak of projekte van BSB behels onder andere die volgende: Om vyandelike netwerke (pyplyne) te infiltrer, verwerking van informasie aldus ontvang na inligting en beplanning, die (20) verspreiding van inligting volgens neergelegde kanale, spesifieke spesialisuitvoering van take wat nie deur ander vertakkinge en spesiale magte uitgevoer kan word nie. Uit die aard van bogenoemde blyk dit vanselfsprekend dat BSB 'n ko-verte vertakking van spesiale magte is. Optredes deur BSB was altyd gerig teen geïdentifiseerde vyande van die Republiek van Suid-Afrika wat die regering van die dag met geweld omver probeer werp het.

_____ : Verskoning, mnr. die Kommissaris, ons kan nie hoor nie. (30)

MNR. McNALLY/..

K2.2

- 41 -

WEBB

MNR. McNALLY: Kan u 'n bietjie harder praat, generaal. Her-haal daardie laaste deel, asseblief. -- Optrede deur die BSB was altyd gerig teen geïdentifiseerde vyande van die Republiek van Suid-Afrika wat die regering van die dag met geweld omver probeer werp het. BSB se optredes was toegespits op optredes buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika en

om klaarblyklike redes kan die Republiek van Suid-Afrika se trokkenheid by sodanige optredes nie bekend bemaak word nie. Om hierdie rede is dit uiters noodsaaklik dat BSB sy bedrywighede op 'n kovertewyse verrig. Daarbenewens bestaan daar (10) die volgende redes waarom optrede deur BSB onder dekking gedoen word:

- (a) Om die staat se belange te beskerm.
- (b) Om families van betrokkenes te beskerm.
- (c) Om identiteite van betrokkenes te beskerm.
- (d) Om optredes en persoonlikhede uit die media te hou.
- (e) Om algemene operasionele sekerheid te handhaaf.
- (f) Om die vyand op sy eie terrein en volgens sy eie werkswyse te hanteer.

BSB se werkswyse en optredes is gebaseer op die werkswyse (20) en optredes van soortgelyke kovertewyse organisasies in ander lande.

Alle take en optredes van BSB word op verskeie vlakke gemagtig afhangende van die aard en omvang daarvan. Ek tree op as die voorsitter van BSB en onder my is daar 'n besturende direkteur. Van die besturende direkteur word die organisasie opgedeel in geografiese streke en daarna in selle. Elke sel word hanteer deur 'n hanteerder met sy eie onderbou. Die hanteerders word op hulle beurt gehanteer deur die streekbestuurder en die streekbestuurder deur die besturende direkteur. As voorsitter is ek dan weer die oorkoepelende bevelvoerder. (30)

BSB bestaan/..

K2.3

- 42 -

WEBB

BSB bestaan uit bewustelike en onbewustelike lede. 'n Bewustelike lid is 'n lid dat hy vir 'n staatsorganisasie werk terwyl 'n onbewustelike lid gewoonlik 'n persoon is wat dink dat hy vir een of ander privaat instansie werk. Bewustelike lede van BSB gebruik almal skuilname. Die gebruik van skuilname is noodsaaklik en wel onder andere vir die redes uiteengesit in paragraaf 7.

Geheimhouding van die identiteit van lede van BSB word self

onderling gehandhaaf. In enkele uitsonderings is 'n lid van BSB nie eers bewus van die identiteit van sy mede-lede nie. Lede ken mekaar normaalweg slegs onder (10) skuilname. Volgens inligting aan my verskaf bestaan BSB hui-diglik by rowwe beraming uit ongeveer 50 tot 80 bewustelike lede en heelwat meer onbewustelike lede. Aan my as voorsitter is die naam van die besturende direkteur en twee streeksbe-stuurders bekend. Die ander streeksbestuurders of onder-steuningpersoneel is slegs onder skuilname aan my bekend.

Generaal, het u sedert u hierdie verklaring opgestel het weer gekyk na die getalle van bewustelike lede? -- Ja, en ek kan vir u naderweg 'n getal gee van 139 in stede van die 50 tot 80. Volgens inligting aan my verskaf is BSB huidig (20) met ongeveer 200 projekte besig. Ek kan ook vir u 'n beter be-nadering gee van tussen 150 en 160 projekte. Alhoewel meeste van die projekte gerig is op bedrywighede van die vyand van die Republiek van Suid-Afrika en Afrikastate, word baie van sodanige projekte beplan en uitgevoer vanaf verskeie lande dwarsoor die wêreld. Ten einde bewegingsvryheid te verkry om BSB se projekte uit te voer, is dit noodsaaklik dat lede in 'n beroep staan wat nie met die regering van Suid-Afrika en meer besonderlik die Suid-Afrikaanse Weermag verbind is nie. Ge-volglik is meeste van die lede van BSB betrokke by bona (30)

fide/..

K2.5

- 43 -

WEBB

fide besigheidsinstansies wat nie verband hou met die staat en die Suid-Afrikaanse Weermag nie. Op hierdie wyse word ver-seker dat enige ondersoek wat moontlik ingestel mag word na die bedrywighede van hierdie persone wanneer hulle buitelands optree nie die feit dat hulle ook take namens BSB verrig aan die lig sal bring nie. Op hierdie wyse word van onbewustelike lede se dienste gebruik gemaak sonder dat hulle daarvan bewus is dat hulle

inligting verkry en take verrig ter bevordering van die doelstellings van spesiale magte. My betrokkenheid as voorsitter van BSB is nie eens algemeen bekend binne die (10) Suid-Afrikaanse Weermag nie. Op die Suid-Afrikaanse Weermag se verplasinglys is ek nie direk aangestel as bevelvoerder van spesiale magte nie, dog word my aanstelling beskryf as synde lid van die staf van hoof van die weermag. BSB se regs-verteenwoordigers het die kommissie reeds meegedeel dat BSB ver as moontlik sy samewerking sal verleen aan die kommissie in soverre dit die kommissie se ondersoek betref. Uit hoofde van die voorgaande behoort dit egter duidelik te blyk dat die openbaarmaking van die identiteit van lede van BSB nie net die veiligheid van sodanige lede en hulle gesinne in gedrang (20) in gedrang sal bring nie, dog ook die suksesvolle afhandeling van alle projekte waarmee BSB tans besig is sal belemmer. Die openbaarmaking van die identiteit van lede sal noodwendig mee-bring dat projekte wat tans van stapel gestuur word skipbreuk sal ly met gepaardgaande nadelige gevolge vir die veiligheid van die staat. Dit sal ook aansienlike finansiële verlies vir die staat meebring. Onder die omstandighede versoek ek die voorsitter van die kommissie eerbiediglik om ingevolge die bepaling vervat in regulasie 7 van die kommissie se regulasies te gelas dat die identiteit van lede van die BSB wat (30)

voor die/..

K2.7

- 44 -

WEBB

voor die kommissie getuig nie op enige wyse hoegenaamd bekend gemaak word nie. Dit sou noodwendig meebring dat die persoon se werklike naam nie bekend gemaak kan word nie. Ek doen ook aan die hand dat dit in die openbare belang is dat die verrigtinge nie net in camera gehou behoort te word nie wanneer sodanige lede getuig nie dog dat die lede ook toegelaat moet word om hulle op so 'n wyse te vermom dat hulle nie ge-identifiseer kan word nie.

Generaal, is dit korrek dat hierdie beëdigde verklaring

opgestel was as deel van 'n versoek tot die voorsitter (10)
dat die getuienis rondom die BSB in camera gehou word? -- Dit is
korrek.

Is u bewus van die feit dat daar oorspronklik belowe was deur
u regsman dat 'n verklaring oor die meriete teen verlede Dinsdag
aan die kommissie beskikbaar sou gestel gewees het? -- Meriete?

Oor die onderwerp van die kommissie.

VOORSITTER: Bewerings wat BSB ten laste gelê word deur die pers
of wie ook al. -- Nee, ek is nie bewus daarvan nie.

MNR. McNALLY: Wel, is u versoek om 'n verklaring ook te (20)
maak ten opsigte van die meriete van die aangeleentheid, die
aantygings teen die BSB? -- Nee, maar ek het nie geweet wat die
aantygings is nie.

VOORSITTER: Ag, generaal, kom ons wees nou groot, u weet wat
hierdie kommissie doen. Hierdie kommissie wil vasstel of daar
staats - onder andere of daar staatsbetrokkenheid is by daad van
geweld gepleeg in die RSA. Al wat ons wil weet is, was die BSB
betrokke by daad van geweld gepleeg binne die lands-grense. Dit
is al. Dit is tog waarvoor die kommissie aangestel is. Dit is
'n eenvoudige vraag, ja of nee? -- Ek wil (30)

huidiglik/..

K2.9

- 45 -

WEBB

huidiglik nie op daardie vraag antwoord nie, mnr. die Voor-sitter
want dit kan my inkrimineer in die toekoms.

Op die wye vraag? -- Nie op die wye vraag nie. Nee, ek sal
sekere goed beantwoord vir u.

Met ander woorde u sê dat 'n antwoord op die vraag of BSB
betrokke was by daad van geweld binne die grense van die RSA, 'n
antwoord daarop is inkriminerend, inkrimineer u? -- Nee, as daar
spesifieke voorbeelde kom, spesifieke aantygings.

U sê die algemene vraag inkrimineer u, kan u in die toe- koms
inkrimineer? (10)

MNR. HATTINGH: Kan ek net hier tussenbeide kom? Soos ons die reg op privilegie, teen selfinkriminasie, verstaan hoef elke vraag nie op sigself beoordeel te word nie om te bepaal of dit kan lei tot selfinkriminasie. Die gesag is baie duidelik dat dit 'n reeks vrae kan wees, elkeen wat 'n skakel in 'n ketting is en as die ketting uiteindelik voltooi is, dan kan dit in-kriminerend wees en ons doen aan die hand dat 'n antwoord op daardie vraag een van die skakels in 'n ketting kan voltooi wat, indien dit later gekonnekteer kan word aan ander vrae, kan dit aandui dat hy homself geïnkrimineer het. (20)

VOORSITTER: Wel, mnr. Hattingh, verstaan ek met ander woorde u standpunt die volgende: Op die vraag of die BSB betrokke was by dae van geweld binne die grense van die RSA, die algemene vraag, is daar drie moontlike antwoorde:

1. Ja.
2. Nee.
3. Dit kan my inkrimineer en die keuse is 3?

MNR. HATTINGH: Nee, daar is nie drie moontlike antwoorde nie. Daar is twee moontlike antwoorde. Dit is ja of nee en die ja- een kan hom inkrimineer. (30)

VOORSITTER/..

K2.10

- 46 -

WEBB

VOORSITTER: Die nee- een kan hom nie inkrimineer nie?

MNR. HATTINGH: Die nee- een kan hom nie inkrimineer nie.

VOORSITTER: So, u sê u beroep u op selfinkriminasie? Is dit reg, mnr. Hattingh?

MNR. HATTINGH: Dit is reg, ja.

VOORSITTER: In die algemeen?

MNR. HATTINGH: In die algemeen, ja. Ons advies aan die generaal is om nie vrae te beantwoord wat hom kan inkrimineer of wat hom kan betrokke maak by bewerings van geweld deur BSB binnelands uitgevoer, want geweld is prima facie onwettig.(10)

VOORSITTER: Met ander woorde u sê as ek argumentsonthalwe die generaal sou vra of BSB betrokke was by 'n moord of dr. Webster dan gaan ek nie 'n antwoord daarop kry nie.

MNR. HATTINGH: U gaan nie 'n antwoord daarop kry nie. -- Nee - nee, nee.

Pardon, miskien moet - is die voorbeeld wat ek genoem het nie 'n gepaste een nie. U gaan nie 'n antwoord kry nie wanneer die getuie meen dat dit hom moontlik kan inkrimineer.

VOORSITTER: Maar dit is hoekom op die algemeen dit vir my 'n probleem is dat die standpunt is ... (20)

MNR. HATTINGH: Nee, miskien het ek myself dan nie behoorlik uitgedruk nie.

VOORSITTER: Nou druk uself behoorlik uit dat ek weet wat u standpunt is.

MNR. HATTINGH: Die standpunt is dat as die getuie van oordeel is dat die vraag hom kan inkrimineer by geweld, by daad van geweld binne die Republiek van Suid-Afrika dan beroep hy hom op sy privilegie teen selfinkriminasie. Nie al sodanige vrae sal noodwendig daardie antwoord ontlok nie.

MNR. McNALLY: Generaal, is dit korrek dat u teenwoordig (30)
was vanoggend/..

K2.10

- 47 -

WEBB

was vanoggend toe generaal Badenhorst sy getuienis gelewer het?

-- Ja.

Hy het getuig, soos u sal onthou, dat hy geen getuienis kon vind dat die BSB by die Webster-moord betrokke was nie. Wat is u houding in verband met die Webster-geval? Was die BSB betrokke of nie? -- BSB was nie betrokke nie. So iets is nie aan my bekend nie en ook so 'n projek is nie deur my goed-gekeur nie.

Kan ons net die prosedures met u uitklaar in verband met die goedkeuring van projekte. Sal u net vir die kommissie (10) verduidelik hoe dit werk? -- Daar is 'n produksieplan in

ter-minologie van BSB wat opgetrek word. Dit behels dat alle ope-rasies beplan word vir die jaar. Dit was by drie verskillende geleenthede aan my voorgedra. Die eerste was in Desember '88 toe ek oorgeneem het by my voorganger, daarna by twee geleent-hede verlede jaar. Daaruit spruit sekere projekte voort. Daar is deurlopende projekte waarvan 'n mens dan weer kennis en dan enige nuwe projek dié moet - ook 'n finansiële implikasie by wees, dan moet dit deur my goedgekeur word.

So, as 'n mens sou aanvaar vir die oomblik net, (20) argumentsonthelwe, dat een van u lede sou voorgestel het dat dr. Webster vermoor word, sou hy dit in 'n dokument beliggaam het, daardie idee van hom? -- Ja. Daar moet 'n behoorlike waardering gemaak word en voorlegging gemaak word, plus die fi-nansiële implikasies.

En sou sodanige voorlegging dan aan u voorgelê gewees het? -- Dit is reg.

Maak dit nie saak hoe belangrik die projek mag wees nie? Word alle projekte aan u voorgelê vir goedkeuring voordat dit in werking gestel word? -- Alles wat 'n finansiële (30)

implikasie/..

K2.11

- 48 -

WEE

implikasie het, dié sal aan my moet voorgelê word.

So, u kan dan sonder twyfel getuig dat die Webster-moord nie 'n projek van BSB was nie. -- Absoluut so.

Kan ons dan 'n paar van die ander gevalle behandel wat in u getuienis vanoggend na vore gekom het, byvoorbeeld McQuillan. Wat kan u vir ons sê oor McQuillan, die sogenaamde dubbelagent? -- My kennis oor McQuillan is die volgende: Eerstens was hy die oorsaak hoekom kolonel Verster vir Bar-nard - van ontslae geraak het by BSB en, tweedens, wat ek weet van McQuillan is dat op 'n stadium het hy ons weer gekon- (10) tak toe het ons hom verwys na HSI.

VOORSITTER: Dit is stafintelligensie? -- Hoof van staf-inligting.

MNR. McNALLY: Die volgende projek wat ek met u wil behandel is die projek wat die naam Apie gehad het, dit wil sê die projek dat die fetus van 'n bobbejaan by aartsbiskop Tutu se huis gehang sou word. Wil u antwoord daarop? -- Ek weier om vrae daaroor te antwoord, want dit mag my moontlik inkrimineer in die toekoms.

Dan kom ons by die bomvoorval in Athlone. U het die (20) die volle besonderhede gehoor vanoggend. Wat is u houding daaroor? -- Daar ook weier ek om vrae te antwoord. Dit mag my ook moontlik inkrimineer vir die toekoms.

MR DANE: Mr Chairman, may I at this point intervene on behalf of the Webster family. When a person claims privileges I understand the law they have to claim privilege - in respect of self-incrimination they have to indicate in respect of what offence they are falling back on the basis ..

CHAIRMAN: Well, I am not sitting as a judge. If you wish to lay a charge at the attorney general you are welcome. (30)

MR DANE/..

C2.12

- 49 -

WEBB

MR DANE: No, I appreciate that, Mr Chairman, but with respect the purpose must still be foreshadowed otherwise the witness can claim the basis of privilege in respect of any question and that would surely, with respect ...

CHAIRMAN: Well, on behalf of the Webster family you have nothing to do with the Athlone project, don't you?

MR DANE: No, but I - as it pleases.

CHAIRMAN: Thank you. Mnr. Burger, ek dink ons moet maar teruggaan na hierdie ander bewerings. Ek dink die tyd het aangekom dat ek dit in my rekord moet inlees. Ek dink nie(10) ons kan langer daarvan wegbly nie.

MNR. BURGER: Mnr. die Kommissaris, in dié omstandighede moet u

voortgaan.

VOORSITTER: Ek wil dan net in die rekord inlees die uitgelate bewerings by BEWYSSTUKKE C1 en C2. Paragraaf 16.3 het soos volg gelui:

"Beweerde opdragte met betrekking tot Frank Chikane, Bruce White, Gavin Evans en Abdul Omar.

16.5 Die beweerde projek of operasie waartydens gepoog sou word om advokaat Omar dood te skiet en (20) daaropvolgende pogings om sy pille wat hy vir sy hart gebruik te vervang met 'n pil wat 'n hartaanval tot gevolg sou hê."

Dit is die bewerings wat gemaak is. 'n Verdere bewering wat gemaak is, is

"16.24 Dat Barnard na bewering in opdrag van Van Zyl die bewegings van advokaat Omar in Kaapstad moes gaan monitor.

16.27 Dat Barnard na bewering die pille wat vir advokaat Omar bestem was, by iemand in die (30) Cape Sun Hotel/..

K2.15

- 50 -

WEBB

Cape Sun Hotel afgehaal het."

Op bladsy 12, die inleiding, 20.2 is dan net "Opdragte ten opsigte van Chikane, Bruce White, Gavin Evans en Abdul Omar", dit was by die inleiding gewees. Op bladsy 13:

"Gavin Evans: Hy is na bewering 'n linksgesinde aktivis en dit is aan ons meegedeel dat hy gemonitor is met die doel om hom te elimineer. Hierdie pogings het nie geslaag nie.

Abdul Omar: Hy is 'n advokaat wat volgens inligting baie bedrywig is in UDF-geledere. Ons is meegedeel (10) dat hy gemonitor was met die oog op eliminering. Na bewering was daar 'n poging aangewend om hom te skiet

maar dit is laat vaar. Daar is toe besluit om sy hartpille te vervang met identiese pille wat hom, indien hy dit sou neem, hartversaking sou gee. Ook hierdie poging het egter nie geslaag nie."

En dan net ten slotte:

"20.21 Monitering van Abdul Omar: Die bewerings in hierdie verband is erken.

20.24 Advokaat Omar se pille: Die hele pil-episode is erken." (20)

MNR. McNALLY: So, generaal, ek het u bewus gemaak tydens konsultasie van die inhoud van daardie paragrawe. Wat is u reaksie op die Omar-geval? -- Ek dra geen kennis daarvan nie. So 'n projek is nie deur my goedgekeur nie.

En die ander een wat genoem is, Evans? -- Weer eens ek dra geen kennis daarvan nie en so 'n projek is nie deur my goedgekeur nie.

Ek neem aan uit wat u reeds gesê het dat sou daar sulke projekte gewees het, dan sou u beslis daarvan geweet het (30)

en u/..

K2.18

- 51 -

WEBB

en u sou dit inderdaad skriftelik goedgekeur het. -- Dit is volgens die prosedures. Dit behoort so gewees het, ja.

Wil u kommentaar lewer oor enige van die ander projekte wat in generaal Badenhorst se getuienis genoem was, Roskam, Buti van der Merwe .. -- Roskam het ek geen kennis van nie.

Buti van der Merwe dra ek geen kennis van nie.

Die Delmas .. -- Die Delmas-voorval dra ek geen kennis van nie.

VOORSITTER: Ek dink dit is omtrent almal wat naastebly genoem is. (10)

MNR. McNALLY: Ja, dit is die belangrikste in elk geval. En van eerwaarde Chikane, wat weet u van hom? -- Geen kennis nie. Geen

so 'n projek ook voorgelê aan my nie.

Generaal, daar sal getuienis wees van 'n beampte van die kommissie dat hy op 28 Februarie vanjaar ter uitvoering van 'n lasbrief na sekere van u persele, dit is die persele van BSB, gegaan het om beslag op dokumente te lê, wat weet u hiervan? -- Ek was gebel daardie oggend by die huis, mnr. die Voor- sitter, deur generaal Jaap Joubert, dit is die Suid-Afrikaanse Polisie-speurhoof, wat hy vir my gesê het hy het probleme (20) om by die hekke in te kom, my mense wil die hekke nie oopmaak nie. Ek het toe deur my kanaal gegaan en gesê kêrels ons kan nie enigiemand stop om dit te betree nie en ek dink daarna is die hekke toe oopgemaak. Daarna het generaal Joubert my weer gebel en gesê hulle het probleme met 'n sekere kluis wat hulle nie kon oopkry nie. Daar is natuurlik gevra - het hy uitgevind in wie se beheer is die sleutel, toe sê hy ja, hy dink dit is in beheer van kolonel Verster, kolonel Verster was uitstедig gewees. Ek het vir hom gesê goed, hy kan voortgaan en indien nodig die deur selfs oopbreek sou dit nodig wees. (30)

Waar was/..

K2.19

- 52 -

WEBB

Waar was die sleutel van daardie betrokke kluis? -- Ek hanteer nie daardie sleutel nie. Ek weet nie waar hy was nie.

Maar u weet seker waar die sleutels is van die kluis wat onder u beheer is? -- Die fasiliteite van BSB is nie onder my beheer nie. Hulle beheer hulle eie sleutels, hulle beheer hulle eie kabinet. Ek beheer dit nie.

VOORSITTER: Generaal, verstaan ek u reg, dat die BSB 'n groot mate van outonomie geniet binne spesiale magte, in dié sin dat projekte word aan u voorgelê, u kyk na die projek, u keur dit goed en dan is hulle op hulle eie losgelaat daarna? U het(10) nie verdere operasionele beheer nie? -- Nee, dit is korrek. As gevolg van die sekerheidsaspek daaraan verbonde.

MNR. McNALLY: Generaal, daardie deursoeking van die persele het sekere dokumente nie opgelewer waarin die kommissie belang gestel het nie, naamlik die skriftelike voorlegging ten opsigte van projekte wat binnelands uitgevoer sou word. Kan u behulpsaam wees om vir die kommissie te sê waar sulke dokumentasie te vinde is?

-- Die administrasie van BSB is gesentraliseer. So, waar 'n projek dan afgehandel word, behoort die lêer by hulle hoofkwartier te wees. Presies watter fasiliteit (20) teit sal ek nie weet nie.

Die projekte wat nog in aanloop is, dié behoort dan by die streeksbestuurder-vlak te wees.

Kan ek u in die rede val daar. Die streeksbestuurder van die binnelandse projekte, sou dit oud-kolonel Burger gewees het, Staal Burger? -- Is dit nodig om daardie vraag te beantwoord, mnr. die Voorsitter?

VOORSITTER: Wel, ek dink dit is redelik algemeen bekend dat dit so is. As dit nie so is nie, kan u sê nee. -- Nee, dan is hy 'n bestuurder.

MNR. McNALLY: Weet u waar sy hoofkwartiere was? -- Nee. (30)

So weet/..

K2.20

- 53 -

WEBB

So weet ek waar geeneen van die streekshoofkwartiere is nie. As ek 'n man - as soldaat, al is dit in siviele klere, so 'n streekshoofkwartier sou besoek, dan kan die plek dalk gekompromitteer word. In my loopbaan het ek baie soldate opgelei, ek het baie vriende, ensovoorts. As ek by so 'n fasiliteit kom dan kan ek hom dalk kompromitteer. Dit is waarom ek weet nie waar hulle streekshoofkwartiere is nie.

So, as u projekte goedgekeur het met handtekening, wat het u met daardie dokument gemaak? Wat het fisies met hom gebeur?

-- Dit is dan 'n BSB-dokument, nie my dokument nie, (10)

so hulle het hom hanteer daarna.

VOORSITTER: Maar as hoof van BSB kan u tog seker aanvra vir

daardie dokument? -- Nee, 'n mens kan.

Kan u dit vir ons kry? -- Ek sal probeer.

Want ons het nou al hoeveel keer daarvoor gevra. -- Niemand het nog dokumente by my versoek nie.

MNR. McNALLY: Teen wanneer sal u dit vir die kommissie laat kry? -- So gou as moontlik.

Maar u weet wat gedoen moet word. Kan ons dit môre verwag of later vanmiddag? -- Ek weet nie of dit moontlik is (20) nie. Ek sal net my bes probeer.

VOORSITTER: Ons sal dit laat afstaan tot môreoggend dan kan die generaal vir ons sê of dit moontlik is of nie. -- Dit is spesifiek nou streek 6 wat u van praat?

Ons stel net belang in binnelands. -- Binnelands.

Ons stel nie belang in enige buitelandse goed nie en die verdere punt is ons sal die dokumente hanteer soos geheime dokumente en dit is eers as daar iets is wat ons aandag verg dat ons - dat mnr. McNally die aangeleentheid verder sal neem voordat daar getuienis oor gelei sal word. So, dit is nie(30)

'n kwessie/..

K2.21

- 54 -

WEBB

'n kwessie dat ons van voorneme is om agente in gevaar te stel soos u hier in u verklaring stel nie.

MNR. McNALLY: Ek dink dit is so ver soos wat ek vandag dan kan gaan, mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Mnr. Hattingh, kan ons daardie dokumente kry?

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, daarvoor kan ek persoonlik nie instaan nie.

VOORSITTER: Nee, ek vra nie u persoonlik instaan nie, namens u kliënt.

MNR. HATTINGH: Ek kan maar net - ek wil beaam wat die (10) generaal gesê het, dat hy sal poog om dit te kry, maar miskien moet ek net op hierdie stadium u aandag met respek weer vestig

op daardie verklaring waarin die generaal sê hy ken nie eers al die streeksbestuurders nie. Hierdie een ken hy nou, maar ons weet almal hy is voortvlugter.

VOORSITTER: Ja, maar die punt is tog my afleiding is - ek mag reg wees, ek mag verkeerd wees, my afleiding is dat kolonel Burger was in beheer van die binnelandse streek. Ek stel net belang in sy streek. Ek stel nie belang in iets anders wat buitelandse is nie. (20)

MNR. HATTINGH: Kan ek vir u die probleem stel soos die generaal dit sien? Ek sou verwag het en ek glo hy ook, dat daardie dokumentasie moes wees by die persele waar die polisie toegang gekry het en beslag gelê het. As dit nie daar is nie dan weet ek nie of hy weet waar dit is nie. Miskien kan u hom die vraag vra, en indien hy nie weet waar dit is nie, of hy wel in staat gaan wees ...

VOORSITTER: Nee wel, ek dink ons gaan die generaal eers die geleentheid gee om te kyk. Intussen kan hy kom kyk wat ons het en u kan saam met hom kom kyk wat ons het. (30)

MNR. HATTINGH/..

K2.23

- 55 -

WEBB

MNR. HATTINGH: Dankie.

VOORSITTER: En dan kan u sien wat ons het.

MNR. HATTINGH: Ek kan maar net vir u sê hy sal poog om dit in die hande te kry.

VOORSITTER: Is die generaal se getuienis dan nog nie afgesluit nie?

MNR. McNALLY: Nee.

VOORSITTER: Generaal, baie dankie. Ek sal bly wees as u môreoggend voor 10h00 kan kyk wat u vir ons kan doen.

MNR. McNALLY: Mnr. die Voorsitter, ek wil net kortliks (10) voor u lê die kwessie van die deursoeking van die persele en wat dit opgelewer het. In daardie verband roep ek kolonel Johan Petrus

Wright.

JOHAN PETRUS WRIGHT v.o.e.:

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Ons het 'n verklaring voorberei.

VOORSITTER: Dit is C5.

MNR. McNALLY: Sal u dit asseblief aan die kommissie voorlees.

-- Ek is 'n luitenant-kolonel in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te speurtak hoofkantoor. Ek is tans gekoöpteer as lid van die Harms-kommissie wat ondersoek instel na die beweerde moorde. Op 28 Februarie 1990 om 4.30 het ek en generaal Van der Westhuizen en ander lede van die mag vergesel om 'n deursoekingslasbrief te Bronkhorstspruit uit te voer. Die lasbrief was uitgereik op die kleinhoewe van 'n ene Theuns Kruger te deursoek. Tydens aankoms op die perseel van Kruger om 06h00 het ek beslag gelê op 'n rekenaar, 'n rekenaar-program en dokumente. Hierdie dokumente word tans bestudeer. Die program op die rekenaar word ook tans ontleed wat aantoon dat sekere projekte en begrotings op hierdie drukstukke (30)

voorkom/..

K2.25

- 56 -

WRIGHT

voorkom. Na die deursoeking van hierdie perseel het ons na Pretoria-Wes gegaan, 'n perseel in Pretoria-Wes gegaan. Hierdie perseel is deur brigadier Mostert aan my uitgewys en by ons aankoms daar om plus-minus 10h00 het brigadier Mostert toegang tot die perseel gevra. By die perseel wat ommuur was met 'n agtvoetmuur, was daar 'n interkom asook 'n televisie-kamera geïnstalleer. Nadat ons ongeveer vyf minute gewag het, het generaal Van der Westhuizen toegang tot die perseel gevra en ook uitdruklik gesê dat hy van die Harms-kommissie is en dat hy 'n lasbrief het om die perseel te deursoek. Generaal Van der Westhuizen het hierna sy versoek twee keer herhaal. Generaal Van der Westhuizen het my ingelig dat generaal

Webb binne 'n paar minute daar sou wees. Op hierdie stadium het ek deur 'n skreef in die deur geloer en gesien dat twee dames met tasse om die huis stap. Ek het toe bo-op die muur geklim en ek het toe oor die muur gespring en na die huis gestap. Ek kon hoor hoe mense binne-in die perseel praat. Ek het herhaaldelik toegang tot die perseel versoek ...

VOORSITTER: Het u aan die deur geklop of geskop? -- Ek het aan die twee deure geklop. Ek kon hoor hoe mense binne (20) die perseel praat. Ek het herhaaldelik toegang tot die perseel versoek. Na ongeveer drie minute het mnr. Venter die deur oopgemaak. Ek het die lasbrief op die tafel neergesit en almal versoek om te bly sit. Daar was vier mans en drie dames op die perseel. Twee van hierdie dames het hulle toe self in een kantoor toegesluit. Ek het hulle versoek om die kantoordeur oop te sluit. Die name van al die aanwesiges is neergeskryf. In 'n kamer buite die perseel het ek beslag gelê op boeke wat projekte van die BSB aantoon en het ook die rekenmeester al daar ontmoet. Al die persone op die perseel het fiktiewe (30)

sowel as/..

K2.28

- 57 -

WRIGHT

sowel as regte name aan my verstrekk. Ek het beslag gelê op 'n aantal tasse met dokumente wat die finansiële verrekening van die BSB weergee. In die voorkamer van die perseel was 'n brandkluis agter 'n gordyn versteek. Ons het versoek dat die brandkluis oopgemaak word. Nadat ons ongeveer twee ure moes wag het 'n lid van die BSB opgedaag en het die brandkluis ontsluit. Daar was geen dokumente in hierdie kluis nie. Op die perseel verwyder van die gebou het ek 'n kantoor, konferensiesaal, deursoek wat aan Joe Verster behoort. Agter 'n houtdeur in hierdie kantoor was 'n brandkluis. Ek het herhaaldelik vir die sleutel gevra. Dit is aan my gesê dat Joe Verster die sleutel het. Om ongeveer 21h00 het ons daarin geslaag

om die brandkluis plus twee ander brandkluisse in hierdie kantoor oop te maak. Dit was nadat alle pogings gefaal het om sleutels vir hierdie kluis in die hande te kry en toestemming by generaal Webb gekry is om die kluis oop te maak. Ek het beslag gelê op twee tasse dokumente en 'n rekenaar wat in hierdie kluis gevind is. Om 21h20 het ek van die perseel af vertrek en het die dokumente in veilige bewaring geplaas. Die inhoud van hierdie dokumente en projekte word tans bestudeer. (20)

deur. Besonderhede van projekte kan nog nie gevind word nie.

MNR. McNALLY: Die kontak wat u met generaal Webb daardie dag gehad het, volgens hom was telefonies, is dit korrek? -- Dit is korrek, deur generaal Joubert.

En die inligting wat u tot dusver gekry het van die projekte, gaan dit oor finansiële aspekte asook die kodename van projekte? -- Dit is korrek.

Is dit ook korrek dat u tot op hede nie kodename kan koppel met projekte soos byvoorbeeld deur generaal Badenhorst genoem in sy getuienis vanoggend nie? -- Nee. (30)

Dankie/..

K2.29

- 58 -

UITSTEL

Dankie. Mnr. die Voorsitter, daar is nog twee getuies wat geroep moet word, ten minste oor hierdie inleidende aspekte van die BSB. Die een is generaal Klopper wat, soos u vanoggend gehoor het, oorgeneem het van generaal Badenhorst wat die ondersoek aanbetref, en dan tweedens brigadier Pfeil wat 'n rekenmeester is vir BSB. As dit u gevaag sal ek daardie getuienis môre eers kan lei, want ek het die verklaring eers vandag ontvang. Die Klopper-dokument is eintlik 'n verslag. Dit is 'n baie dik dokument en ek wil 'n geleentheid hê om dit deur te gaan en soos ek sê as dit u gevaag sal ons dan (10)

môre hervat om 10h00.

VOORSITTER: Ek wil net om verskoning vra in die algemeen, ons

is besig met 'n ondersoek en dit gaan maar met stampe en stote en ons sal nie die getuienis op 'n deurlopende grondslag kan lei nie. Ons sal maar afstaan na mōreoggend toe.

MR LUITINGH: May I direct a question to you at this stage?

A number of affidavits have been read this afternoon. I would like to enquire whether those are going to be made available to amongst others the people that I represent ...

CHAIRMAN: Well, if you know what the house rules are, (20) you will have the answer to the question. That is why I did all the trouble to prepare house rules and that is why there are regulations to deal with all those questions.

MR LUITINGH: Thank you, Mr Chairman, and on a second question particularly in regard to the questions of the Lubowski family who amongst other people I also represent, I deduced from a statement, that might have been either correctly or incorrectly reported in the press during this week-end, that you are of the view that the assassination of Mr Lubowski is not going to form part of or is not within your brief. Is that in fact (30) your/..

K2.30

- 59 -

DISCUSSION

your ..

CHAIRMAN: Well, that is what I have been told my brief would be. I have not seen it.

MR LUITINGH: It would be nice if we could see your brief at some stage.

CHAIRMAN: I have not received a copy of the brief, so once ...

MR LUITINGH: Are those your instructions to come? Is that your brief to be delivered still?

CHAIRMAN: I was given to understand that my brief was (10) related to one question and to one question only and that was the question of whether Mr Lubowski was an agent of the army, paid agent of the army. As far as I know I have not been briefed

and I will not be briefed before the conclusion of the criminal trial as to the wider question. The wider question may, according to what the state president said in parliament, may be raised after the conclusion of the trial which is due to start in South-West or Namibia in due course.

MR LUITINGH: And insofar as - I am sorry, I do not mean to interrogate or cross-examine you, Mr Chairman, it is not (20) my intention at all. It is just ...

CHAIRMAN: Well, I have not taken the oath yet.

MR LUITINGH: I assume, Mr Chairman, that in your case it does not really matter. (Laughter) But insofar as you might think that that was relevant in terms of section 3 or the section 3 provision of the regulations that you may enquire into any other matter that you consider to be relevant.

CHAIRMAN: No, I cannot consider matters on that basis because of the specific paragraph 1.

MR LUITINGH: I am indebted to you. Thank you very much.

COMMISSION ADJOURNS UNTIL 6 MARCH 1990.

Collection Number: AK2300

HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990

PUBLISHER:

Publisher:- Harms Commission of Inquiry

Location:-

©1990

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.